

Gestuur vir opsie 3!

Jon 2:1-12 & Johannes 4:1-9 & Johannes 20:21

Inleiding

- God het vir Homself 'n familie losgekoop van die duiwel met Jesus se bloed.
- Hulle is oorgekoop om vir Hom te werk
 - – in die kerk, in hulle lewens met sy Gees se krag
- En hulle is gestuur na Vanderbijlpark om die familie uit te bry.

- Lede van hierdie familie noem Hy dissipels.
 - Vakleerling/Appy's wat by Jesus leer oor hoe hierdie dinge hulle lewens vorm.
 - Deelwees van hierdie familie.
 - 'n Dissipel luister en leer by sy meester

- Daarom is ons 'n verlose familie diensknegte wat gestuur is.
 - Ons het nou al gesels oor verloswees, familiewees, diensknegwees.
 - Vandag skop ons die laaste kwartaal se tema af: Gestuurwees.

- Elke dorp het sy donker plekke,
- Elke familie het mense wat die Here en kerk vermy
- Van CW1 tot by SE10 woon in elke buurt of dalk straat
 - mense wat nie lief is vir Jesus
 - Hom vertrou en Hom volg met hulle lewens nie,
 - maar eerder lief is vir hulleself
 - en hulle eie harte volg.
- Dis orals –

- Mense of situasies waarvoor Christene skrik en eerder wil vermy.
- Weet jy van sulke mense om jou?
- Hoe benader jy hulle?
- Hoe leer Jesus sy dissipel om te reageer?
- Kom ons kyk
 - eers bietjie nader na die drie maniere waarop mense gewoonlik reageer.
 - Ons gaan ontdek dat God altyd opsie 3 kies...
 - en wat dit is om die mense van opsie 3 te wees.

Maniere van reageer

- Daar is eintlik net drie maniere waarop mense reageer teenoor iets/iemand wat hulle dink fout mee is:
- **Ontken** – Maak asof dit nie so is nie en hoop dit gaan self weg.
 - ‘See no evil, hear no evil speak no evil.’
 - vermy net
- **Verskans** – Probeer ten alle koste keer.
 - Bou mure en grense om die sleg weg en buite te hou.
 - werk net harder om als te hou soos dit is
- **Ingaan** – Spring juis in en gaan swem in die onbekende water.
 - Leer daardie wêreld ken sodat jy weet wat aangaan en iets daaraan kan doen.

- As jy in 'n kerk grootgeword het, sal jy saamstem dat Christene gewoonlik kies vir opsies 1 of 2:
 - *ontken* die probleem
 - of *verskans* van die probleem deur grense
 - maar is sleg met *ingaan*.

- Wat het God gekies oor ons...
 - oor jou wie se diepste geheime Hy ken?

- **Ons ontken ?**
 - ons eenkant gelos soos 'n vrot tamatie om verder te vrot tot niks oorbly nie.

- **Homself Verskans ?**
 - deur die wêreld en ons elkeen êrens in 'n kamer toe te sluit
 - sodat Hy nie dalk deur ons vuilgemaak word nie?

- **Inkom**
 - Aarde toe en na jou lewe toe
 - om 'in ons water te kom swem', ons suurstof in te asem
 - sodat Hy dit van binne af kan verander.

- Nou... As jy vandag sê "Ek volg Jesus"
 - dan is opsie 1 of opsie 2 nie vir jou 'n opsie nie
 - ...want God is die God van opsie 3

- Ons sien dit in Filippense 2:5-7:

⁵Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: ⁶Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, ⁷maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.

- Hy kon as God homself eenkant hou...
 - maar het nie.
 - Hy kies opsie 3 en kom na ons toe.

- En Hy gee dieselfde pas aan vir ons.
 - Jesus sê in Johannes 20:21 vir almal wat sy dissipels is:

²¹“Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. Ontvang die Heilige Gees!

- Mense wat Jesus volg is nie geroep om te ontken of te verskans nie.
 - ons oë toe te hou vir
 - mense wat rondslaap
 - skelm besigheid doen
 - hulleself deur sonde vernietig
 - wegdryf van die geloofsfamilie en kerk
 - of lyne te trek tussen ‘ons’ en ‘hulle’
 - sorg dat ‘ons’ nie deur ‘hulle’ vuilgemaak word nie.
 - net nou dink mense ‘ons’ is soos ‘hulle’

- As die evangelie boodskap van Christenskap daaroor gaan dat

- God in sy goedheid nie sy oë vir jou toegemaak het nie
- en Homself nie van jou af weghou nie
 - is dit mos ook waarin ons vakmeester sy dissipels wil vaardig maak.
- Kom ons kyk 'n oomblik na twee voorbeelde
 - hoe Jesus ons meester nie bang was om vuil te word nie maar juis in gegaan het:

Bruilof by Kana

- Johannes 2:1-12 beskryf Jesus se heel eerste wonderwerk
 - as 'n *teken* [v11]– 'n verduideliking vir ons van waaroor die res van sy hele bediening sou gaan.
 - Dit was die bruilof in Kana.
 - Lees [teks Joh 2]
- Die 'dop' by die troue is opgedrink.
 - Jesus het toe kanne wat bedoel was vir die rituele reinigingswater van die Jode
 - laat volmaak met water en dit in wyn verander.
 - Nou... hoe is dit 'n teken van sy hele bediening, sy "opsie 3 ingaan"?
- Hierdie reinigingswater was nie gewone hande-was water nie.
 - Dit was eerder simbolies om die vuilheid van alledaagse dinge waarmee jy te doen gehad het af te was.

- Hulle moes was, al was hulle hande nie vuil nie (Matt. 15:1,2).
 - Dit was eintlik 'n manier van ontken en verskans van die vuil wêreld.
 - Dit is hoe hulle godsdiens gesien en gebruik het.
- Jesus trek 'n rooi streep deur hierdie godsdienstige manier van 'vuilheid' hanteer.
 - Aspris vat Jesus hierdie kanne wat daarvoor bedoel is,
 - maak dit vol met baie lekker wyn
 - en laat die mense verder feesvier nadat hulle al klaar goed gedrink het.
- Dis Jesus se glorie en bedieningsdoel
 - in hoe Hy die mense se eie pogings om rein en skoon te bly eenkant vee
 - en die oorgenoeg versorging van God kom uitdeel. 600 liter!
 - 'n ware fees want die ware bruidegom is hier!
- Jesus se eerste teken wys dus dat
 - Hy nie gestuur is vir die uitbou van 'n godsdiens
 - waardeur Trinitas deur grense van tradisies en reëls
 - skoon moet bly van Vanderbijl se invloed nie
 - maar om in mense se wêreld in te gaan en God se oorfloed te bring!
- Vir daardie selfde rede het hy aanhou vriende maak
 - met mense wat baie sleg en verkeerd gelewe het en saam met hulle gekuier.

- Dit is hoekom die godsdienstige leiers Hom probeer slegsê het as 'n vraat en wynsuiper (vgl. Luk 7:33-35).
- Het Hy al sy streep getrek deur jou godsdienstige manier van vuil in Vanderbijl te hanteer?
 - selfs godsdiens kan jou nog steeds vuil los
 - volg jy Hom om te leer wat diens aan God en navolg van God dan werklik is?
- Jesus leer dat om Hom te volg is 'n lewenstyl van
 - ingaan,
 - saamwees met mense
 - en hierdie wêreld en die mense van hierdie wêreld heelmaak.
- Hy het mos klaar gesorg vir jou skoonwees deur sy bloedoffer aan die kruis.
 - of het hy nie?!

Die vrou by die put

- 'n Ander plek waar Jesus ingegaan het sonder om bang te wees vir die vuil, was Samaria.
- Lees teks [joh 4]
- Die streek Samaria was tussen Judea en Galilea
 - Dit was 'n regte mengelpot van
 - baster mense
 - met 'n gemengde godsdiens van bietjie Joodsheid en ander heidense bygelowe.

- Die Jode het eerder kilometers omgeloop as om deur hierdie streek te moet loop
 - en Jesus 'n keer gevloek deur hom 'n Samaritaan te noem (vgl. Joh. 8:48)

- Jesus wou na Galilea toe gaan maar het weer opsie 3 gekies en besluit om nie om te loop nie.
 - Hy ontmoet toe 'n Samaritaanse vrou met 5 huwelike op die kerfstok en nou maar eerder net in die nag saam met nr. 6 rinkink.
 - Hy groet haar vriendelik en vra haar of Hy bietjie water uit haar kruik kan drink.
 - Dit was so ongewoon dat ons uit haar antwoord kan aflei
 - dat sy gedink het daar is 'n groot skroef los:
 - “Hoe vra jy, wat 'n Jood is, vir my, 'n Samaritaanse vrou, water om te drink?” (Joh.4:9)
 - ‘Daar’s darm grense hoor!’

- Maar Jesus breek die grense om te ontmasker hoe hierdie vrou haar dors vir God se liefde
 - probeer les met die aandag van mans en seks
 - Hy vertel haar dat Hy die enigste een is met water wat daardie dors les.
 - Sy moet ook nou nie in die gat trap van *godsdien*s en kerkdebatte nie
 - Hy is hier en daarom ook die tyd dat mense soos sy direk in God hulle dors kan les
 - deur sy Gees en in waarheid.
 - Baie mense daar het tot bekering gekom.

- Het Jesus al so in die vuil plekke van j   lewe kom inbreek waar jy water soek?
 - Hoor jy dat Hyself met sy liefdesoffer aan die kruis
 - jou dors na aanvaarding en betekenis beter les as
 - triljoen ure by die werk
 - verhoudings
 - Vat jy die kruis na jou hart toe vir rus in Hom, losbreek uit sonde en 'n nuwe lewe?

- Wat as Jesus bang was vir vuil word?
 - Ontken het, of sou verskans het en nie ingegaan het nie?
 - ...nie na hierdie w reld toe gekom het nie
 - ...nie na jou w reld toe gekom het nie.

...so hoe volg ons Hom daarin!

Hoe gaan jy in?

- Hoe lyk hierdie keuse 3, 'gestuur wees en ingaan in ons w reld'?
 - Dit is nie een of ander projek van die gemeente nie.
 - Ook nie een of ander besluit of dokument van 'n kommissie nie.
 - Dis niks vir die kerkraad om oor te besluit nie

- Dit begin by my waar die evangelie-water van Jesus klaar ingekom het en my dors geles het
 - ek hoef nou nie vir myself te skarrel nie
 - ek rus in sy liefde en offer
 - ek kan aan ander aandag gee

- en dan 'n nuwe manier van dink oor
 - hoe ek kyk na die mense wat die Here klaar naby my gesit het
 - in my straat, by my werk, in my familie
 - en hoe ek my geleenthede en kontak met hulle slim gebruik om hulle lief te hê
 - en dat ek daar aankom met hierdie einste evangelie-water in my hande
 - nie snert-godsdiens reëls nie
 - of morele veroordeling nie

- Gestuurwees en ingaan gebeur dus nie eers
 - in Kambodja of Lesotho
 - of selfs as die kerk een of ander uitreik in die dorp reël nie
 - Dit begin waar ek mense om my se dors vir liefde en genade sien
 - En hulle 'n voorsmaak daarvan gee in hoe ek met hulle maak.

- Want Jesus sê “Soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle”.

- Jesus Christus het ons juis daarvan kom vrymaak
 - om deur ons eie pogings van skoonbly en sekere tradisies en rituele God se liefde en vryspraak te verdien (Rom 3:21-31).
 - ons kan daarom nie skielik vir ander mense voorwaardes wil stel nie
 - Die liefde en vryspraak wat ons gratis in Christus het maak juis

- dat ons kan ingaan onder leiding van sy Gees,
- sonder om iets oor te kom (2 Tim 2:1).
- sodat ander nader kan kom

Slot

- Trinitas... jy as deel van 'n verlose familie diensknegte... is gestuur na Vanderbijl.
 - Om in te gaan en evangelie water te gee.
 - Wat jy self al opgeslurp het
 - Dit begin nie ver nie
 - Dit begin sommer naby jou
- Dis nie 'n projek nie – dis 'n benadering tot mense om jou
 - Een waarin Jesus jou geduldig wil leer hoe dit werk
- Weens God se goedheid is Hy die God van opsie 3
 - Deur Jesus vir jou
 - En deur jou vir ander

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
18 Oktober 2015